

# “DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG  
(Jaargang 22 - nr. 1&2)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

9 Januarie 2022

## EREDIENS: Ds. Daan Malan

**Erediens – 9h30**

### LITURGIESE GEGEWENS

**Skriflesing:** Deuteronomium 4:1 – 40

**Teks:** Deuteronomium 4:7

**Sing-**

**TYDENS EREDIENS:** Ps. 9:1; Ps. 19:4,5,6,7;

Ps. 25:2,6; Ps. 9:7

### IS GOD REGTIG BY ONS?

### Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 9:1

Geloofsbelydenis

### Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing: Ps. 19:4,5,6,7

**Gebed**

### Woorddiens

Sing: Ps. 25:2,6

**Skriflesing:** Deuteronomium 4: 1 - 40

**Teks:** Deuteronomium 4:7

### Preektema

**IS GOD REGTIG BY ONS?**

**Gebed**

Liefdesdiens kollekte – DVB  
By die deure – Bybelverspreiding

### Slotsang

Sing- Ps. 9:7

**Wegstuurseën**

## KOLLEKTES

**Vandag: 9 Jan 2022**

In die banke: DVB

By die deure: Bybelverspreiding



**Sondag: 13 Jan 2022**

In die banke: DVB

By die deure: Emeritaatsversorging

***U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...***

## WYK – DIENSBEURT

Vandag- 9 Jan. 2022: Wyk 4

Ouderling: Br Jan de Kock

Diaken: Vakant

Wyksuster: Sr Cecile de Kock

## MEELEWING

- Ons bid die troos van die Heilige Gees toe aan die kinders, kleinkinders, families en vriende van wyle oom Dries van der Walt. Die begrafnis het gister plaasgevind.

## VERJAARSDAE

Vandag - Roelf Coetzee (Paardekloof)

Vandag – Zanike Meyer

Vandag – Ronelle v/d Walt

Donderdag 13 Jan – Mari Pretorius

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang vanaf 1 Maart 2021 – 8 Jan 2022	R498 083-00
Kermis 2021 en Kersmark 2021 inkomste gesamentlik	R321 966-92
Inkomste uit Steak-etes afgelopen jaar	R34 210-36
Ramings per lidmaat per jaar	R883-00 (Hier is 'n verhoging)

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by <https://bit.ly/3j1e2xT>

## ALGEMENE KERKNUUS

### GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

## KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by

<http://bit.ly/2KhypYe>

**Laerskool-kategese** Al die lesmateriaal is beskikbaar by <http://bit.ly/2KhypYe>

**Ons Laerskool-kategese** het vir die jaar afgesluit.

**Hoërskool – kategese** Sal weer DV in 2022 hervat ...

## BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/xUZo6kTaM9M>

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. Die laaste gebed wat ons behandel het, staan in Handeling 8:1-25. **In wat hier staan beseft ons die werk van die Heilige Gees kan nie goedkoop gemaak word nie! Hierdie gedeelte wys ook hoe belangrik dit is dat ons 'n Gees-ervulde kerk moet wees ... Die Bybelstudie kan afgelaai word by**

<https://youtu.be/xUZo6kTaM9M>

## HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie tyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het. Ons is dankbaar dat ons diakonie ook weer 'n bedrag aan HJV in die tyd oorbetaal het.

## PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

**Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.**

**Sondag-aand is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word.** Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens.

## VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na [www.vsod.co.za](http://www.vsod.co.za). Op Facebook kan u gaan na [bit.ly/2OoU0nf](http://bit.ly/2OoU0nf)

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik....

U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

## KERKRAADSAKE

### VERGADERINGS:

Volgende Diakonievergadering – 20 Feb. 2022 (Na die voorbereidingsdiens)  
Kerkradsvergadering- Woensdag (23 Feb. 2022) om 18h00

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg  
Posbus 74 Postmasburg

E-pos: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

**Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:**

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

## STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	
Kollekte: DVB	
Kollektes by deure	
Kollekte Bybelverspreiding op Geloftedag	
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782

**Ons vleis- en houtvoorrade is uitverkoop. Weereens groot dank aan almal wat in die projekte hard meegewerk het en meegehelp het.**



Snap here to pay

SnapScan

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)

**Dr. Venter is met verlof vanaf 31 Des 2021 – 10 Jan 2022**